# Gestuur
# Gevorm
# Geroep

VBO

VOORTGESETTE
BEDIENINGSONTWIKKELING

PROSPEKTUS

# Inleiding

Die NG Kerk erken die belangrikheid van voortgesette leer en ontwikkeling vir predikante, diensleraars, standplaasleraars en bedienaars. Voortgesette bedieningsontwikkeling (VBO) is 'n reis van lewenslange leer wat daarop gemik is om leiers te ondersteun, te bemagtig en toe te rus om as dissipels die koninkryk te soek en as bekwame leiers volhoubaar en met bedieningsvreugde te bedien. As leiers hou ons aan in die verdieping van ons roeping en in ons geestelike groei.

## Visie en Doelwitte

### VBO ONTWIKKEL LEERGEMEENSKAPPE WAT:

- Beste praktyke van bediening deel en kontekstuele bediening in gemeentes bevorder.
- Die konneksie tussen die akademie en die kerk versterk deur die nuutste navorsing beskikbaar te stel en missionale kapasiteite te ontwikkel.
- Gemeentes bemagtig deur leiers toe te rus met die nodige kennis, vaardighede en houdings.
- Kapasiteite te ontwikkel in die areas van Etos, Logos en Patos.

# Geskiedenis van VBO

Die behoefte aan 'n meer gestruktureerde benadering tot die voortgesette ontwikkeling van predikante het in die laat 1990's ontstaan. Die Algemene Sinode van 2004 het 'n taakspan aangestel om die moontlikheid van 'n formele VBO-program te ondersoek.

In 2007 het die Algemene Sinode die VBO-program amptelik goedgekeur en in werking gestel. Die program het aanvanklik gefokus op die verwerwing van VBO-punte deur deelname aan goedgekeurde aktiwiteite soos kursusse, konferensies en werkswinkels.

Oor die jare het die VBO-program ontwikkel en aangepas by die veranderende behoeftes van die kerk en die samelewing. Daar is 'n toenemende fokus op die verdieping van roeping, bevordering van geestelike groei, ontwikkeling van praktiese vaardighede, en 'n dieper verstaan van ons gereformeerde tradisie. Die VBO-ekosisteem bevorder leergemeenskappe waar leiers aanhou ontwikkel as dissipels om bedieningsmoed en – vreugde te beleef. Een van die sentrale uitgangspunte van VBO is die persoonlike verbintenis van gelegitimeerdes tot lewenslange leer. Hierdie ingesteldheid vind formeel beslag wanneer gelegitimeerdes by legtimasie onderteken *"dat ek myself verbind tot voortgesette bedieningsontwikkeling*."[1]

[1] Sien Kerkorde 2023 p.70 Reglement 10

# RAAMWERKE VIR VBO

VBO maak gebruik van die volgende raamwerke om ‘n holistiese benadering tot bedieningsontwikkeling te verseker:

## MISSIONALE KAPASITEITE: ETOS, LOGOS EN PATOS

Hierdie raamwerk, ontleen aan die retoriek, help om die fokus van VBO te rig op die vorming van leiers wat effektief kan getuig van die evangelie in ‘n diverse en veranderende wêreld. As VBO-Taakspan sluit ons aan by dié raamwerk wat in die Kerklike Opleiding gebruik word en in *Geroep, Gevorm, Gestuur* omskryf word .

**ETOS:** Fokus op die karakter, integriteit en geloofwaardigheid van die leiers. Dit sluit in die ontwikkeling van ‘n missionale dissipelskap, die kweek van persoonlike spiritualiteit, en die bevordering van selfbewustheid en emosionele intelligensie.

**LOGOS:** Beklemtoon die teologiese kennis, Bybelse begrip en kommunikasievaardighede van die bedieningsleiers. Dit behels die ontwikkeling van ‘n Trinitariese grondslag, die bestudering van Skrif en teologie, en die verbetering van prediking, onderrig en pastorale vaardighede.

**PATOS:** Sien na die leiers se vermoë om empatie, deernis en kulturele sensitiwiteit te toon. Dit vereis ‘n begrip van die konteks waarin hulle bedien, die vermoë om met mense van diverse agtergronde te kommunikeer, en die ontwikkeling van vaardighede in konflikhantering, pastorale sorg, en gemeenskapsbetrokkenheid.

---

[2] Die dokument kan hier afgelaai word: https://www.excelsus.org/wp-content/uploads/2024/10/Geroep-Gevorm-Gestuur-Okt-2024.pdf

# MISSIONALE BEDIENINGSKAPASITEITE

## ETOS (Wie ek is en word)

LEEF AFHANKLIK VAN GOD

IS EERLIK MET MYSELF

LEEF VANUIT MY ROEPING

BEOEFEN GEWOONTES VAN GELOOF

## LOGOS (Wat en hoe ek glo)

ONDERSOEK EN INTERPRETEER DIE BYBEL

ONTSLUIT EN VERKONDIG DIE EVANGELIE

IS GEANKER IN DIE TRADISIE

BEGRYP DIE OMVANG VAN DIE EVANGELIE

AANVAAR DIE GEREFORMEERDE BELYDENIS

ONDERSKEI DIE HEERSKAPPY VAN CHRISTUS

## PATOS (Wie en hoe ek dien)

ONDERSKEI WAAR GOD AAN DIE WERK IS

BOU BRÛE

NEEM DIE AMP OP

VERSORG EN BESKERM

ONDERSKEI DIE WIL VAN GOD

BEGELEI AANBIDDING

## FASES IN DIE BEDIENING

VBO erken dat predikante in verskillende fases van hulle bediening verskillende behoeftes en uitdagings het. Die program bied dus ondersteuning en ontwikkeling wat relevant is vir elke fase:

**NUUT IN DIE BEDIENING:** Fokus op die oorgang van teologiese opleiding na gemeentelike bediening, die ontwikkeling van basiese bedieningsvaardighede, en die bou van ‘n ondersteuningsnetwerk.

**MIDDELFASE:** Ondersteun predikante in die verdieping van hulle bediening, die aanpak van nuwe uitdagings, en die ontwikkeling van leierskapsvaardighede.

**ERVARE LEIERS:** Bied geleenthede vir mentorskap, die deling van kennis en ervaring, en die bevordering van voortgesette groei en ontwikkeling.

**LEIERS WAT NADER AAN AFTREDE BEWEEG:** Help predikante om voor te berei vir aftrede, hulle ervaring en wysheid te deel, en ‘n sinvolle oorgang te maak.

Deur hierdie raamwerke te gebruik, verseker VBO dat predikante holisties ontwikkel word en toegerus word om effektief te bedien in ‘n komplekse en veranderende wêreld. Gelegitimeerdes word in die verskillende fases van hulle bediening aangemoedig om jaarliks VBO-leergeleenthede by te woon.

# VBO-EKOSISTEEM

## DIE VBO-EKOSISTEEM BESTAAN UIT:

**VBO-TAAKSPAN**
'n Vennootskap tussen die VBO-sentra (Excelsus, Didasko en Communitas) en die nege sinodes van die NG Kerk.

**DIE ATP**
Die Algemene Taakspan Predikante gee jaarliks insette oor die behoeftes wat deur VBO aangespreek behoort te word.

**DIE ABR**
Elke gelegitimeerde in die NG Kerk het 'n profiel op 'n databasis wat deur die ABR (Algemene Bevoegdheidsraad) onderhou word. Daar is ook riglyne oor die VBO-punte wat 'n leier in die NG Kerk moet verwerf.

**SINODES**
Speel 'n belangrike rol in die implementering van VBO-programme en die ondersteuning van predikante.

**RINGE**
Fasiliteer leergemeenskappe en bied ondersteuning aan predikante en hou toesig oor die predikante se VBO betrokkenheid.

**KERKRADE**
Verleen verlof en befondsing vir predikante om aan VBO-aktiwiteite deel te neem.

**AKADEMIESE VENNOTE**
Fakulteite en dosente wat navorsing doen en kursusse aanbied.

# Pedagogie van VBO

VBO volg 'n deelnemende pedagogie wat fokus op die ontwikkeling van missionale bedieningskapasiteite. Die pedagogie word gekenmerk deur die volgende:

- **'n Retoriese raamwerk:** Etos, Logos en Patos word gebruik om die vorming van predikante te rig.
- **Verskillende leerkontekste:** Mentorskap, klaskamer en studie, leergemeenskappe, retreats, deelname in die gemeente en gemeenskap.
- **Vlakke van ontwikkeling:** Erkenning van die verskillende vlakke van ontwikkeling in die verskillende opleidingsbane.
- **Ontwikkeling van kapasiteite:** Fokus op die ontwikkeling van basiskennis, houdings en gesindhede, vaardighede, en oordraagbare gewoontes.
- **Vier interafhanklike elemente:** Die pedagogiese proses word verdeel in basiskennis, vaardighede, ingesteldheid (gesindhede en houdings), en oordraagbare gewoontes.
- **Vormend en dissipelskap:** Die pedagogie is vormend en beklemtoon dissipelskap, met God as die aktiewe leermeester.
- **Deelname en aksie-refleksie:** Die pedagogie is deelnemend en behels aktiewe deelname aan groepswerk en refleksie.
- **Kern teologiese begronding:** Die pedagogie fokus op die kern teologiese begronding (habitus), die leeromgewing (habitat), en die vestiging van gewoontes (habituation).

Die pedagogiese proses word verdeel in basiskennis, vaardighede, ingesteldheid (gesindhede en houdings), en oordraagbare gewoontes.



# Kerkorde Bepalings

Die Kerkorde van die NG Kerk (2023) maak melding van die belangrikheid van voortgesette opleiding vir predikante.

- **Reglement 10** omskryf dat elke predikant met legitimasie, "myself verbind tot voortgesette bedieningsontwikkeling.[3]" Sinodes is ook belangrike rolspelers, "Sinodes doen alles in hulle vermoë om die praktyk van verdere bedieningsontwikkeling goed te vestig en uit te bou. Teologiese en bedieningsopleiding is 'n bedieningslange taak en verantwoordelikheid en daarom vestig die NG Kerk 'n tradisie van bedieningslange leer by gelegitimeerdes van die kerk.[4]"
- **Reglement 11** spesifiseer die voorwaardes waaronder 'n predikant/ diensleraar/emeriti/standplaasleraar bevoegdheid kan behou of verloor. Deelname aan VBO en die verwerwing van die vereiste aantal punte is een van die belangrike vereistes vir die behoud van bevoegdheid. Indien 'n predikant nie aan die vereistes voldoen nie, kan die Ringskommissie die saak ondersoek en stappe doen wat kan lei tot die tydelike opskorting of selfs die intrekking van die predikant se bevoegdheid.[5]
- **Reglemente 20** omskryf dat kerkrade verlof gee vir VBO, "'n Minimum van ses en 'n maksimum van twaalf kalenderdae per jaar word aan 'n predikant toegeken vir verlof vir bedieningsontwikkeling, tensy anders ooreengekom."[6]
- **Artikel 13** omskryf dat kerkrade "medeverantwoordelik is vir die bedieningsontwikkeling van predikante".

[3] Kerkorde 2023 p.70 | [4] Kerkorde 2023 p.64 | [5] Kerkorde p.78-79 | [6] Kerkorde p.121-122

# VBO-Aktiwiteite

## VBO-AKTIWITEITE SLUIT IN:

- Kursusse en werkswinkels
- Konferensies en seminare
- Boek-besprekings
- Leer gemeenskappe
- Mentorskap
- Retreats
- Aanlyn leer

## VBO-PUNTE

Predikante verdien VBO-punte vir deelname aan goedgekeurde aktiwiteite. Hierdie punte word aangeteken en is 'n vereiste vir die behoud van amps-bevoegdheid.

Die VBO-Taakspan het 'n breedvoerige dokument ontwikkel wat verduidelik hoe gelegitimeerdes punte kan verwerf.

| KURSUSSE | STUDIE EN SKRYF | ANDER |
|---|---|---|
| A Kursusse/ Konferensies | D Verdere studies | C Mentoraat |
| B Geakkrediteerde Kursusse | H Selfstudie | E Aanbieding |
| G Ander | F Artikels (akademies) | I Retraites |
| | K Selfsorg | J Sabbatsretraites |
| | L Navorsing | |
| | M Skryf van boeke | |
| | N Skryf van artikels | |
| | O Kursusontswerp | |

| TIPE VBO | AANTAL PUNTE* |
|---|---|
| * Punte word bereken teen aantal ure van deelname aan tipe VBO, tot 'n maksimum soos bepaal deur die VBO-Taakspan.<br>*Riglyn: 1 punt per 1 uur aktiewe leer* | |
| A **Kursusse/Konferensies** by VBO diens-verskaffers (Sinodaal) | 10 punte per dag tot 'n maksimum van 30 punte |
| B **Vol VBO** geakkrediteerde kursusse en toerustingsgeleenthede deur ander instansies aangebied<br>*(Dws kursusse wat nie deur die NG Kerk self ontwikkel word nie. Instansies kan vir akkreditering aansoek doen. Na akkreditering word so 'n kursus deel van die totale aanbod vir VBO)* | 10 punte per dag tot 'n maksimum van 30 punte vir een kursus |
| C **Mentoraat:** Kwalitatief is die riglyn 10 uur per jaar in mentor verhouding binne die ontwikkeling van geakkrediteerde mentors. *(Geld vir mentor en mentee)* | Maksimum van 10 punte per jaar |

| TIPE VBO | AANTAL PUNTE* |
|---|---|
| D **Verdere Studie** (akademies): Finale punte word toegereken op datum van graduering, terugwerkend, met indien van 'n afskrif van die sertifikaat. Punte word jaarliks toegeken. | • Honeurs (50 punte per jaar)<br>• Navorsings Magister oor 2 jaar (100 punte) EN<br>• 3 jaar vir 'n bedienings/ praktyk gerigte M (150 punte)<br>• Doktoraal oor 4 jaar (200 punte) |
| E **Aanbieding** van Teologiese Fakulteit- en VBO-kursusse asook van die Predikantebegeleiding-sentrum (op versoek van VBO-Taakspan of voorgelê en landwyd aanvaar) | Dieselfde as vir die wat die kursusse deurloop (een keer per jaar vir maksimum van drie jaar van toepassing; aanbieder moet ook aan ander VBO deelneem) |
| F **Peer-review** (eweknie beoordeelde) Artikels/Studiestukke vir kerklike kommissie/ Bywoning en deelname aan Akademiese Vak Werkgemeenskappe (Per jaar) | Maksimum van 20 punte per jaar |
| G **Ring, Sinodale kursusse/ werkswinkels** en seminare OF dien op ringskommissie (deur rings-voorsitter aangevra) OF 'n Studiestuk (ekwivalent van 'n artikel van ongeveer 6000 woorde) vir 'n sinode. | Maksimum van 10 punte per jaar |
| H **Selfstudie:** Die bestudering van Teologiese Boeke en Artikels;<br>Met die indien van 'n opsomming van 2 p (±800 woorde). | 10 punte per boek, en 5 punte per akademiese artikel tot 'n maksimum van 30 punte vir boeke en 15 punte vir artikels |
| I **Retraites:** Dieselfde punte as vir VBO kursus | 10 punte per dag – maksimum 30 punte |

| TIPE VBO | AANTAL PUNTE* |
| --- | --- |
| J **Sabbatsretraites** (30 dae): Indien dit ingerig is as leer- selfsorg of selfontwikkelingsgeleentheid (Bv 'n Pelgrimstap) | 30 punte met indien van verslag aan VBO-kantoor wat benut kan word (bv. om op webblad te plaas) |
| K **Selfsorg/Selfontwikkeling:** Bv Skilderlesse, oefenprogram wat 30 000+ Vitalitypunte verdien, ens. | 10 punte per jaar<br>Dien aanvraag met nodige bewyse by jou sinodale kantoor/VBO-verteenwoordiger in |
| L **Navorsings/Studie/ ondersteuningsgroepe** wat gereeld bymekaar kom en waar boeke bespreek of deurgewerk word | Soos met bywoning van kursusse, dws 1 punt per 1 uur aktiewe leer tot 'n maksimum van 10 punte per jaar |
| M **Skryf van Geestelike/ Bedieningsverwante boeke** | 50 punte per boek |
| N **Skryf van artikels** vir kerklike of geestelike tydskrifte | < 1000 woorde: 2 punte<br>> 1000 woorde: 5 punte |
| O **Ontwerp en skryf van kursusse** vir predikante | Een-dag kursus: 20 punte<br>Twee-dag kursus: 40 punte<br>Drie-dag kursus: 60 punte |

**Ten minste 20 punte moet tydens interaktiewe kontakgeleenthede verwerf word.**

## TOEKOMS VAN VBO

Die VBO-Taakspan is besig om 'n gestandaardiseerde, geakkrediteerde VBO-program te ontwikkel wat aan die hand van fases in die bediening aangebied gaan word.

# Kontak Besonderhede

## EXCELSUS

**Sinodes: Hoëveld, Goudland, Oostelike, Noordelike, KZN, Noord-Kaap**

Rika van Rensburg

www.excelsus.org

excelsus@up.ac.za

## DIDASKO

**Vrystaat Sinode**

Tertius Botha

www.ngkerkvrystaat.co.za/bedieningsbegeleiding/vbo/

tbotha@ngkvs.co.za

## COMMUNITAS

**Wes-Kaap Sinode**

Bridget Leibbrandt

dgtn.org.za/vbo/

bleibbrandt@kaapkerk.co.za

## OOS-KAAP

Danie Mouton

danie@ngkok.co.za